

**18 MEI**

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 25  
FOKUSGEDEELTE: PSALM 25:11**

**Vergewe my ter wille van U naam**

Here, vergewe my hierdie sonde wat ek gedoen het! Dit is woorde wat almal van ons heel dikwels al op ons knieë uitgesnik het. Die berou oor die sonde wat jy in 'n oomblik van swakheid gedoen het, druk jou op jou knieë. 'n Magteloosheid pak jou beet omdat jy besef jy kan die slegte daad of woord nie weer goedmaak nie. Dit maak dat jou gewete jou teen die mure uitdryf. Daarom bid jy: Here vergewe my! Die gevaar is egter dat ek nie werklik bedoel wat ek bid nie. Dit word so maklik 'n aangeleerde rympie wat gedagteloos gebid word. Jy kan die bede alleen opreg bid as jy besef dat jy teen die Here gesondig het en as jy werklik berou het oor wat jy verkeerd gedoen het. Sonder ware berou is daar geen vergiffenis nie. Daarom is die een moordenaar aan die kruis vir ewig verlore. Hy dink vir geen oomblik daaraan dat sy roekelose lewe hom tot die kruis gedryf het nie. Hy het geen berou oor dit wat hy gedoen het nie. Die ander moordenaar bely dat hy verdien om aan die kruis te hang. Daarom bid hy om genade (Luk. 23:42): "Dink aan my ..." En Hy hoor die mooiste woorde waaraan 'n mens kan dink (Luk. 23:43): "Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."

*Sing: Psalm 25:3, 5*

*Ds Fanie Grobler (Stellenbosch)*